# SA BOERPERD



A. BEWEGING VAN DIE TUIGPERD ... 1
1. STAP ... 1
FOUTE TYDENS DIE STAP ... 1
KOMMENTAAR ... 1
2. SAAMGEVATTE DRAF ... 2
FOUTE TYDENS DIE SAAMGEVATTE DRAF ... 2
3. GESTREKTE DRAF ... 5
FOUTE TYDENS DIE GESTREKTE DRAF ... 5
4. INKOM EN HALT ... 7
B. BEWEGING VAN DIE 3-GANG PERD ... 1
1. HALT ... 1
FOUTE TYDENS DIE HALT ... 1
2. STAP ... 1
FOUTE TYDENS DIE STAP ... 1
3. DRAF ... 2
4. GALOP ... 5
FOUTE TYDENS DIE GALOP ... 5
C. BEWEGING VAN DIE 5-GANG PERD ... 6
1. HALT ... 6
3.1. FOUTE TYDENS DIE HALT ... 6
2. STAP ... 6
FOUTE TYDENS DIE STAP ... 6
3. DRAF ... 7
4. GALOP ... 9
FOUTE TYDENS DIE GALOP ... 9
5. KORTGANG ... 9
FOUTE TYDENS DIE KORTGANG ... 10
6. ... 11
7. TRIPPEL ... 11
FOUTE TYDENS DIE TRIPPEL ... 11

Figure 1: Saamgevatte Draf ... 2
Figure 2: Saamgevatte Draf ... 3
Figure 3: Saamgevatte Draf ... 3

Figure 4: Saamgevatte Draf 4
Figure 5: Saamgevatte Draf 4
Figure 6: Gestrekte Draf 5
Figure 7: Gestrekte Draf 6
Figure 8: Gestrekte Draf 6
Figure 9: Gestrekte Draf 7
Figure 10: 3-Gang Draf 2
Figure 11: 3-Gang Draf 3
Figure 12: 3-Gang Draf 3
Figure 13: 3-Gang Draf 4
Figure 14: 3-Gang Draf 4
Figure 15: 5-Gang Draf 7
Figure 16: 5-Gang Draf 8
Figure 17: 5-Gand Draf 8
Figure 18: 5-Gang Kortgang 10
Figure 19: 5-Gang Kortgang 11
Figure 20: 5-Gang Trippel 12
Figure 21: 5-Gang Trippel 13
Figure 22: 5-Gang Trippel 13

# TRADISIONELE SA BOERPERD

## A. BEWEGING VAN DIE TUIGPERD

*"Matige hoë, lang veërkragtige tree wat grond dek. Agter bene moet goed onder die lyf inwerk & gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor; met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of voor gesien word."*

### 1. STAP

- Stap is 'n duidelike 4-slag maat.
- Die enkeltuig perd moet met lang veërkragtige tree vorentoe stap.
- Agterkwart moet aktief wees en met agterhoewe op of oor die voorhoefspore trap
- Perd moet ritmies, flink en vloeiend stap met ewe lang treë.
- Nek hoog en geboeë.
- Die kop moet in 'n vertikale lyn gedra word.
- Die perd moet lig bly in voorkwart en sag in die koetsier se hande wees.
- SA Boerperde moet goed en platvoet stap.
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB).
- Die perd moet spoor.
- Die perd moet wakker en gereed lyk vir die volgende gang.
- Die kar moet met elke tree saam gevat word.

#### FOUTE TYDENS DIE STAP

- Perd dek nie grond nie.
- Perd konsentreer nie.
- Perd is gespanne en gee onreëlmatige en/of kort treë.
- Perd drafstap, pas of gang; met ander woorde, dit is nie 'n 4-slag maat nie.
- Perd stap nie met 'n stil kop nie.
- Perd dra kop skeef.
- Perd sekopprofiel te ver voor of agter die vertikaal.
- Perd verloor styl.
- Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene onder hom in nie.
- Ritme, impulsie en balans is versteur (RIB).
- Perd spoor nie.
- Perd loop skeef.
- Perd lyk verveeld.

#### KOMMENTAAR

- Die beoordelaar moet seker maak dat elke perd se stap deeglik ge-evalueer word.
- Dit is een van die basiese bewegings, elke perd behoort dit redelik te kan doen.
- Daar moet meer teen swak stappers gediskrimineer word.

## 2. SAAMGEVATTE DRAF

- Dit is 'n diagonale beweging met 'n 2-slag maat.
- Matig, hoë, korter veërkragtiger tree terwyl die perd se liggaam verkort.
- Die agterhoewe trap duidelik op of oor die voorhoef spore.
- Die saamgevatte draf is meer gekollekteer as die gestrekte draf.
- Die nek word hoog en skouer vry gedra.
- Die kop profile moet vertikaal wees.
- Die kop moet stil wees.
- Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB).
- Perd moet spoor; agter-en voorkwart moet in lyn wees.

### FOUTE TYDENS DIE SAAMGEVATTE DRAF

- Die perd se kop is nie vertikaal nie.
- Die perd lê (hang) in die drywer se hande (op die voorhand) of holnek (neus gepunt).
- Perd beweeg nie reguit vorentoe nie (spoor nie).
- Ritme, impuls en balans is versteur (RIB).
- Aankap en raaktrap (balans versteur).
- Perd draf te vinnig en verloor dus styl.
- Perd gee kort tree met hoë knie aksie.
- Hakke bly agter, die perd trap nie onder hom in nie.
- Die perd trap nie van agter oor die voorhoef spoor nie.
- Agterbene maak oop.
- Die perd slaan deur na ander gange.
- Swak transisies.

**Figure 1: Saamgevatte Draf**



**Figure 2: Saamgevatte Draf**





**Figure 3: Saamgevatte Draf**




Figure 4: Saamgevatte Draf





Figure 5: Saamgevatte Draf



## 3. GESTREKTE DRAF

- Die tree word langer vanuit die gekollekteerde draf, dit wil sê, die perd dek meer grond sonder om ritme, impulsie en balans te verloor. Die krag waarmee die tree verleng kom van die agterbene. Die "set" en styl van die perd bly steed belangrik. Die kopprofiel gaan effe voor die vertikaal.

### FOUTE TYDENS DIE GESTREKTE DRAF

- Die perd verloor styl.
- Agterbene beweeg nie onder die perd in nie, dit bly agter of maak oop.
- Neus gepunt of op die bors (oor of agter die vertikaal) – "overbend" of stoot neus uit.
- Perd slaan deur na ander gange.
- Perd se kop is skeef.
- Perd beweeg nie met lang veërkragtige tree wat grond dek nie.
- Perd beweeg nie reguit vorentoe nie (spoor nie).
- Ritme, impuls en balans is versteur (RIB).
- Aankap en raaktrap (balans versteur).

Figure 6: Gestrekte Draf



Figure 7: Gestrekte Draf




Figure 8: Gestrekte Draf



Figure 9: Gestrekte Draf




## 4. INKOM EN HALT

- Na afloop van die vertoning sal die tuigperde inkom vir inspeksie.
- Hulle kan dan bygestaan word deur 'n assistent wat voor die perd kan kom plaasneem hetsy of die assistent langs die drywer gesit het of langs die arena gewag het.
- Die perd moet behoorlik kan stilstaan om die beoordelaar kans te gee om in veiligheid om die kar te beweeg.

## B. BEWEGING VAN DIE 3-GANG PERD

*"Matige hoë, lang veërkragtige tree wat grond dek. Agter bene moet goed onder die lyf inwerk & gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor; met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of voor gesien word."*

### 1. HALT

- Die perd moet lig in die hande wees met die nek geboë en kop hoog gedurende die halt asook wanneer uit die halt gestap word.
- Die perd moet sy gewig oor al 4 bene versprei – vierkantig staan.
- Die perd se aandag moet heeltyd by sy ruiter wees en wag vir die volgende opdrag.
- Die kop moet 'n bietjie voor die vertikaal wees.
- Die halt is 'n beweging en moet gery word.

#### FOUTE TYDENS DIE HALT

- Die perd staan nie vierkantig nie.
- Die perd staan gestrek.
- Die perd bied weerstand met sy bek, kop en/of nek.
- Die perd kyk rond, trap rond of beweeg na voor of agter.
- Die perd laat een been rus.
- Die perd konsentreer nie.

Die halt is 'n goeie aanduiding van die vlak van skoling van 'n perd.
Wanneer die perd uit die halt beweeg (tru of vorentoe) moet dit gehoorsaam, reguit, op die senterlyn en met 'n vertikale kop profile geskied.

### 2. STAP

- Stap is 'n duidelike 4-slag maat.
- Die perd moet met lang veërkragtige tree vorentoe stap.
- Die perd se agterkwart moet aktief wees, die agterhoewe moet op of oor die voorhoefspore trap.
- Die perd moet flink, ritmies en vloeiend vorentoe stap met ewe lang tree.
- Die nek moet hoog en geboë wees.
- Die kop moet in 'n vertikale lyn wees.
- Die perd moet lig bly in die voorkwart en sag in die ruiter se hande wees.
- SA Boerperde moet goed kan stap.
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB).
- Die perd moet lewendig lyk en gereed wees vir die volgende gang.
- Die perd se ore moet na vore wys.

#### FOUTE TYDENS DIE STAP

- Perd dek nie grond nie.
- Perd konsentreer nie.
- Perd is gespanne en gee onreëlmatige en/of kort treë.

- Perd drafstap, pas of gang; met ander woorde, dit is nie ‘n 4-slag maat nie.
- Perd stap nie met ‘n stil kop nie.
- Perd dra kop skeef.
- Perd sekopprofiel te ver voor of agter die vertikaal.
- Perd verloor styl.
- Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene onder hom in nie.
- Ritme, impulsie en balans is versteur (RIB).
- Perd spoor nie.
- Perd loop skeef.
- Perd lyk verveeld.

## 3. DRAF

- Dit is ‘n diagonale beweging met ‘n 2-slag maat.
- Hoë lang veërkragtige tree wat grond dek.
- Die agterhoewe trap duidelik op of oor die voorhoef spore.
- Die nek word hoog en skouer vry gedra.
- Die kop se profile moet vertikaal wees.
- Die kop moet stil wees.
- Die perd se hakke moet goed beset word en energiek en veërkragtig beweeg.
- Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB).

**Figure 10: 3-Gang Draf**



**Figure 11: 3-Gang Draf**





**Figure 12: 3-Gang Draf**



**Figure 13: 3-Gang Draf**






**Figure 14: 3-Gang Draf**



## 4. GALOP

- Die galop is 'n 3-slag maat.
- Die galop is gekollekteerd, daarom sal die perd se raamwerk korter vertoon alhoewel geen aksie en krag ingeboet mag word nie.
- Die galop behoort vry aktief en reëlmatig te wees.
- Die perd moet reguit galop, d.w.s spoor.
- Die nek moet hoog en geboë wees met die kop 'n bietjie voor die vertikaal.
- Meeste van die gewig word op die agterbene gedra, voorlyf lig en ore belangstellend na voor.
- Die transisie na 'n galop en terug moet glad en reguit wees.
- Alhoewel verkies word dat perde in tradisionele klasse vanuit 'n stap galop en direk uit die galop weer stap, is dit 'n hoogs geskoolde beweging en sal dit nie 'n vereiste wees nie.
- Ritme, impulsie en balans moet steeds behou word.

### FOUTE TYDENS DIE GALOP

- 4-Slag maat galop as gevolg van swak skoling, styfheid of te min impulsie.
- Oorkruis of koei-galop (dit is wanneer die perd of sy voor-of agterbene verander in die galop as gevolg van die ruiter wat ongebalanseerd in die saal sit, bv, die perd lei met die regterbeen maar die ruiter se gewig is na links verplaas).
- Die ruiter was sy gewig gooi in die rigting waarin die transisie verlang word op die perd skeef draai.
- Die perd wat nie genoeg grond dek nie.
- Die perd het nie genoeg veërkrag nie.
- Die galop treë te lank, bv, by ongeskoolde, stywe jong perde.
- Die perd se kop is op of effens voor die vertikaal.
- Die perd gooi die ruiter uit die saal.
- Die perd se kop is skeef.
- Die perd lê in die ruiter se hande en/of veg teen sy hande.
- Die perd is gespanne.
- Die perd lei met die verkeerde been.
- Die perd buite beheer en versteur ander.

## C. BEWEGING VAN DIE 5-GANG PERD

*"Matige hoë, lang veërkragtige tree wat grond dek. Agter bene moet goed onder die lyf inwerk & gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor; met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of voor gesien word."*

### 1. HALT

- Die perd moet lig in die hande wees met die nek geboë en kop hoog gedurende die halt asook wanneer uit die halt gestap word.
- Die perd moet sy gewig oor al 4 bene versprei – vierkantig staan.
- Die perd se aandag moet heeltyd by sy ruiter wees en wag vir die volgende opdrag.
- Die kop moet 'n bietjie voor die vertikaal wees.
- Die halt is 'n beweging en moet gery word.

#### 3.1. FOUTE TYDENS DIE HALT

- Die perd staan nie vierkantig nie.
- Die perd staan gestrek.
- Die perd bied weerstand met sy bek, kop en/of nek.
- Die perd kyk rond, trap rond of beweeg na voor of agter.
- Die perd laat een been rus.
- Die perd konsentreer nie.

Die halt is 'n goeie aanduiding van die vlak van skoling van 'n perd.
Wanneer die perd uit die halt beweeg (tru of vorentoe) moet dit gehoorsaam, reguit, op die senterlyn en met 'n vertikale kop profile geskied.

### 2. STAP

- Stap is 'n duidelike 4-slag maat.
- Die perd moet met lang veërkragtige tree vorentoe stap.
- Die perd se agterkwart moet aktief wees, die agterhoewe moet op of oor die voorhoefspore trap.
- Die perd moet flink, ritmies en vloeiend vorentoe stap met ewe lang tree.
- Die nek moet hoog en geboë wees.
- Die kop moet in 'n vertikale lyn wees.
- Die perd moet lig bly in die voorkwart en sag in die ruiter se hande wees.
- SA Boerperde moet goed kan stap.
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB).
- Die perd moet lewendig lyk en gereed wees vir die volgende gang.
- Die perd se ore moet na vore wys.

#### FOUTE TYDENS DIE STAP

- Perd dek nie grond nie.
- Perd konsentreer nie.
- Perd is gespanne en gee onreëlmatige en/of kort treë.
- Perd drafstap, pas of gang; met ander woorde, dit is nie 'n 4-slag maat nie.
- Perd stap nie met 'n stil kop nie.

- Perd dra kop skeef.
- Perd sekopprofiel te ver voor of agter die vertikaal.
- Perd verloor styl.
- Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene onder hom in nie.
- Ritme, impulsie en balans is versteur (RIB).
- Perd spoor nie.
- Perd loop skeef.
- Perd lyk verveeld.

## 3. DRAF

- Dit is 'n diagonale beweging met 'n 2-slag maat.
- Die 5-gang perd draf met langer en kragtiger treë as die 3-gang perd.
- Die draf sal oor meer spoed beskik en alleenlik omdat die treë langer en kragtiger is, terwyl die perd styl behou.
- Hoë lang veërkragtige tree wat grond dek.
- Die agterhoewe trap duidelik op of oor die voorhoef spore.
- Die nek word hoog en skouer vry gedra.
- Die kop se profile moet vertikaal wees.
- Die kop moet stil wees.
- Die perd se hakke moet goed beset word en energiek en veërkragtig beweeg.
- Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer te swaai.
- Daar kan maklik te min waarde aan 'n 5-gang perd se draf geheg word.

**Figure 15: 5-Gang Draf**



**Figure 16: 5-Gang Draf**






**Figure 17: 5-Gand Draf**



## 4. GALOP

- Die galop is ‘n 3-slag maat.
- Die 5-gang perde word met die galop met effens meer krag en spoed gery (langer & kragtiger treë).
- Perd dek effens meer grond, maar wel sonder om styl te verloor.
- Die perd se raamwerk mag langer vertoon.
- Die galop is gekollekteerd, daarom sal die perd se raamwerk korter vertoon alhoewel geen aksie en krag ingeboet mag word nie.
- Die galop behoort vry aktief en reëlmatig te wees.
- Die perd moet reguit galop, d.w.s spoor.
- Die nek moet hoog en geboë wees met die kop ‘n bietjie voor die vertikaal.
- Meeste van die gewig word op die agterbene gedra, voorlyf lig en ore belangstellend na voor.
- Die transisie na ‘n galop en terug moet glad en reguit wees.
- Alhoewel verkies word dat perde in tradisionele klasse vanuit ‘n stap galop en direk uit die galop weer stap, is dit ‘n hoogs geskoolde beweging en sal dit nie ‘n vereiste wees nie.
- Ritme, impulsie en balans moet steeds behou word.

### FOUTE TYDENS DIE GALOP

- 4-Slag maat galop as gevolg van swak skoling, styfheid of te min impulsie.
- Oorkruis of koei-galop (dit is wanneer die perd of sy voor-of agterbene verander in die galop as gevolg van die ruiter wat ongebalanseerd in die saal sit, bv, die perd lei met die regterbeen maar die ruiter se gewig is na links verplaas).
- Die ruiter was sy gewig gooi in die rigting waarin die transisie verlang word op die perd skeef draai.
- Die perd wat nie genoeg grond dek nie.
- Die perd het nie genoeg veërkrag nie.
- Die galop treë te lank, bv, by ongeskoolde, stywe jong perde.
- Die perd se kop is op of effens voor die vertikaal.
- Die perd gooi die ruiter uit die saal.
- Die perd se kop is skeef.
- Die perd lê in die ruiter se hande en/of veg teen sy hande.
- Die perd is gespanne.
- Die perd lei met die verkeerde been.

Die perd buite beheer en versteur ander.

## 5. KORTGANG

- Dit is ‘n stadige laterale ongelyke 4-slag ritme met ‘n tussenpose tussen die laterale hoewe wanneer hulle die grond tref.
- Die agterhoef aan die een kant tref die grond ‘n kort interval voor die voorhoef aan dieselfde kant, wat lei tot twee stele van twee hoefslae elk, naamlik 1-2 – 3-4.
- Dit is ‘n lewendige en aanskoulike gang.
- Dit word gedoen onder die mees strawwe maar elastiese kolleksie.

- Baie windmakering, maar stadig en gemaklik (ongeveer 8km per uur).
- Hakke van perd gebuig met hoë voor aksie.
- Anders as die trippel, beweeg die agterbene nie diep onder die perd in nie.
- Sterk skouerbeweging en die skouer is vry en lig.
- Kop en nek word hoog gehou en die profile is effe voor die vertikaal.
- Ore is lewendig en na voor.
- Die voorhoewe moet lyk asof hulle 'n oomblik in die lug hang voordat hulle weer afwaarts beweeg.
- Die romp van die perd is hoër voor as agter, d.w.s. die perd "sit" effens.

### FOUTE TYDENS DIE KORTGANG

- In plaas van kortgang, stadig trippel of pas.
- Nek hol en neus in die lug.
- Galop met agterbene.
- Deurslaan na ander gange.
- Die perd moet nie skeef ry nie.
- Te stadig ry.
- Die perd veg met die ruiter se hande.

Figure 18: 5-Gang Kortgang



Figure 19: 5-Gang Kortgang




## 7. TRIPPEL

- Dit is 'n vinnige 4-slag laterale beweging met 'n gelykmatige ritme, naamlik 1-2-3-4.
- Diagonale hoewe tref die grond amper gelyk.
- Vier hoefslae moet afsonderlik gehoor word.
- Profiel van die perd se kop moet effe voor die vertikaal wees.
- Die nek buig net agter die ore.
- Dek baie grond sonder om styl te verloor.
- Sterk skouerbeweging.
- Agterbene beweeg die ponder die perd in.
- Voorbeen aksie is hoog.
- Spoed, gemak en styl is belangrik.
- Vertoon na beide kante toe baie goed.

### FOUTE TYDENS DIE TRIPPEL

- Perd begin galop.
- Die perd val plat en verloor styl.
- Die perd se hakke bly agter.
- Die bene maak agter oop.
- Die perd spoor nie.
- Die perd stoot sy neus uit – hy "set" dus nie.
- Die perd verloor kolleksie.

- Die perd is ongebalanseerd.
- Die perd galop met sy agterbene omdat hy te hard gedryf word.
- Die perd pas en is dus nie suiwer nie.
- Die perd se nek is hol.
- Die perd het wonde en bloed aan bene en bek.

**Figure 20: 5-Gang Trippel**



**Figure 21: 5-Gang Trippel**





**Figure 22: 5-Gang Trippel**

